**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

**ENBRITE ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.**
Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
**Telefoon: 6213**

JAARGANG XXII | WOENSDAG 26 APRIL 1967 | No. 9

## Aspu-nuusdiens kom tot stand

Die Afrikaanse Studentepersunie gaan 'n nuusdiens instel. Dit is besluit op 'n Aspu-konferensie wat op 14 en 15 April aan die Universiteit van Pretoria plaasgevind het. Die nuusdiens sal behartig word deur die verskillende koerantredaksies, wat berigte na die A.S.B.-organiseerder in Pretoria sal stuur. Die A.S.B.-kantoor sal die berigte in die vorm van 'n nuusbrief na die verskillende sentra versend.

**SPREKERS**

As sprekers op die konferensie het opgetree mnr. J. J. van Rooyen hoofredakteur van die Transvaler en mnr. D.A.S. Herbst, assistent-nuusredakteur van die Transvaler. Die president van die A.S.B., mnre. B. Geldenhuys het die konferensie ook toegespreek.

Die P.U. is op die konferensie deur vier afgevaardigdes en nege waarnemers verteenwoordig.



**Sy edele die Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, wat ten tye van die viering van die Potchefstroomse Landbouskou se 100ste bestaansjaar, 'n toespraak gelewer het. Hy het op die skouterrein verskyn in 'n koets getrek deur 'n span vurige perde.**

**(Foto: Fotokuns)**

# KULTUURLEIERS HOU KURSUS AAN P.U.

**'n KULTUURLEIERSKURSUS sal op 5 en 6 Mei aan die P.U. gehou word. Die kursus word gereël deur die A.B.K.K. Uitnodigings om die kursus by te woon is gerig aan alle Afrikaanse hoër opvoedkundige inrigtings in Transvaal en die O.V.S..**

**'n Woordvoerder van die reëlingskomitee vir die kursus het aan ons verslaggewer gesê dat dit die eerste kursus van die aard is wat aan die P.U. aangebied word. Die idee van so 'n kursus het ontstaan omdat daar 'n groot gebrek aan ervaring en bekwaamheid by huidige kultuurleiers is.**

Verskeie sprekers sal by die kursus optree. Prof. B. Duvenage sal 'n referaat lewer oor kerk en kultuur en prof. J. H. Coetzee oor die plek en vorme van leierskap in die samelewing. Ander sprekers is mnr. P. G. Snyman en mej. E. M. Botha.

**SKENKING**

Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap se afdeling buite skoolverband het 'n skenking gedoen om die kursus moontlik te maak. Mnr. H. J. van S. Schoeman sal namens die Departement by die kursus optree. Die P.U.-Studenteraad het ook 'n bedrag vir die kursus bewillig. Inskrywings van 50c is betaalbaar vir alle persone wat aan die kursus wil deelneem.

**STUDENTE**

Daar word ook beoog om studente te laat optree met aanbiedinge oor kunswaardering, o.a. oor letterkunde, musiek, skilderkuns en volkskultuur.

## Ekonoom tree op

Prof. M. D. Marais, ere-professor in Ekonomie aan die P.U. lewer op Vrydag 28 April twee lesings voor die Fakulteit vir Ekonomiese Wetenskappe in die Frans du Toit-gebou, kamer 100. Die lesings sal saam van 10.05 tot 11.30 vm. gelewer word.

Prof. Marais sal praat oor die onderwerpe Rentekoerse en Inflasie en Belasting en Inflasie.




**Uiteindelik het die oë van Die Wapad se redaksie ook oopgegaan vir al die onontginde skoonheid van die Puk. Hierdie is slegs enkeles onder die talle dames wat skynbaar gedurende die komende winter bereid sal wees om meer as net hulle tyd op te offer ter wille van al die koulike, eensame mans!**

**(Foto: De Zee)**

# GEHEIME AGENT PRAAT OOR KOMMUNISME

**„Die doel heilig die middele. Vir die kommuniste gaan dit nie om die mense nie, maar om die saak." Dit het mnr. Gerhardt Ludi, oftewel Q-018, onlangs gesê op Potchefstroom.**

Mnr. Ludi, wat gepraat het tydens 'n A.S.B.-vergadering op Pote, het bekend geword tydens die opspraakwekkende Rivoniaverhoor in 1964. Dit is ook gedurende hierdie verhoor dat hy ontmasker is as 'n geheime agent van die Veiligheidspolisie.

**GEVAAR**

Mnr. Ludi het in sy toespraak die aard, wese en doelstellings van die Kommunisme breedvoerig uiteengesit. Hy het verwys na die magstrewe op internasionale gebied, die metodes wat aangewend word om resultate te behaal, en uiteindelik ook die gevaar vir die eie bodem geskets.

**LANDSGRENSE**

Op 'n vraag het mnr. Ludi geantwoord dat die gevaar vir Suid-Afrika op die huidige buite die landsgrense nog die grootste is. Ons moet steeds voorbereid wees.

Verskeie Puk-studente het die vergadering bygewoon.

## Wapad kry lof en kritiek

Die Wapad is „nog steeds een van die beste nuusblaaie onder die inskrywings, veral in die opsig dat dit in sy verslae ander mense se menings gee in plaas van redaksielede s'n". Die woorde is gebruik deur mnr. W. J. Wepener, hoofnuusredakteur van die Burger in sy kommentaar op die beoordeling van die Aspukomeptisie tussen Afrikaanse studentekoerante. Die Wapad het in die kompetisie ½% minder behaal as die Matie, wat as wenner van die kompetisie aangewys is.

**FOUTE**

**Volgens die kommentare van die Transvaler en die Burger het die Wapad nog te veel taal- en drukfoute. Die verskeidenheid illustrasies kom nie altyd tot sy reg nie omdat die foto's nie altyd goed afdruk nie.**

## *Wapad verskyn..*

Met die oog op die langnaweek sal die volgende uitgawe van Die Wapad op Woensdag 10 Mei verskyn.

## Studente op Rhodes is ontevrede

**Groot ontevredenheid heers onder studente van die Rhodes Universiteit oor sommige persone wat deur die raad van die universiteit met ere-doktorsgrade vereer is gedurende die paslgelope gradeplegtigheid.**

Die ere-doktorandi teen wie beswaar gemaak word, is veral dr. J. P. Duminy, die prinsipaal van die Universiteit Kaapstad, en mnr. N. Malan, administrateur van Kaapland. Die beswaar teen beide is hulle twyfelagtige houding teenoor akademiese vryheid. Mnr. Malan het die omstrede onderwyswet aktief ondersteun terwyl dr. Duminy onder skoot is vir sy aandeel in die nuwe grondwet van Universiteit Kaapstad se Studenteraad. Sewe ander persone is ook met eredoktorate vereer.

**STAATSPRESIDENT**

**Soortgelyke ontevredenheid het ook 'n paar jaar gelede voorgekom toe 'n groep studente en ... by die ... gradeplegtig... heid geboikot het by die toekenning van 'n eregraad aan die Staatspresident.**

SANSPA/RHODEO

## *Soen - soen so ?*

Studente aan die Universiteit van Michigan het op 'n treffende wyse protes aangeteken teen wat bestempel is as streng reëls. Nadat aan hulle gesê is dat hulle slegs hande mag vashou in die openbaar, het sowat 600 studente eers met plakkate soos „Make love, not war" en „Love thy neighbour" betoog en daarna vir 'n volle uur lank gedemonstreer met 'n soenery.

# DUITSE VERENIGING IS WEER AKTIEF

**Die Duitse Vereniging aan die P.U. verwelkom graag nuwe lede wat wil meedoen aan sy aktiwiteite. So het mnr. Konstant van der Walt, voorsitter van die vereniging aan 'n verslaggewer gesê.**

Volgens mnr. Van der Walt het die Duitse vereniging hierdie jaar herleef nadat dit verlede jaar doodgeloop het.

**ROLPRENTE**

Die doel van die vereniging is om belangstelling in Duits buite die klaskamer aan te wakker. Om dit te doen, word onder meer plate-aande, die vertoon van rolprente en leesaande in die vooruitsig gestel.

Mnr. Van der Walt het gemeld dat hy reeds met die Duitse Ambassade in Pretoria geskakel het vir rolprente en ander materiaal.

**VRYDAGAANDE**

Daar word beoog om elke Vrydagaand 'n byeenkoms te hou. „Ek vertrou dat ons vereniging baie meer belangstelling sal kry en sal bydra tot 'n lewendige belangstelling in Duits by die studente," het mnr. Van der Walt gesê.

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide GESKENKEAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

die WAPAD

WOENSDAG 26 APRIL 1967

# C. H. O.

As die uitlating oor C.H.O. in 'n rubriek in 'n vorige uitgawe van Die Wapad tog een positiewe resultaat gehad het, dan is dit seker wel dat dit, deur die reaksie daarop, getoon het dat die waarde van C.H.O. nog deeglik besef word.

Die naam P.U. vir C.H.O. is so 'n bekende klank dat daar nie altyd by die betekenis daarvan stilgestaan word nie. Juis as die naam in die gedrang kom, kom 'n mens weer sterk onder die besef van die waarde daarvan.

Die naam C.H.O. dui aan dat die P.U. 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys is. Daar bestaan slegs drie sodanige inrigtings ter wêreld. Die naam dui dus op 'n heel besondere karakter.

In Suid-Afrika is die P.U. die enigste inrigting vir Christelike hoër onderwys. Ons hoor wel van universiteite wat graag die gewetensklousule in hul grondwette geskrap wil sien, terwyl die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit 'n Christelike basis in sy grondwet erken.

Geeneen van hulle kan egter 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys genoem word nie, en nie een is in staat om Christelike onderwys te gee, soos wat die P.U. dit kan doen nie.

Die naam C.H.O. is iets eksklusiefs. Dit is iets om trots op te wees. Dit is ook iets om teen aanvalle te beskerm.

Die naam C.H.O is egter bo alles iets om uit te leef. Die naam C.H.O. dui op die groot plig wat die P.U. het in die wêreld en Suid-Afrika.

# SPORT

Die afgelope twee jaar het sport op die P.U. 'n merkbare oplewing getoon. Dit laat outomaties die vraag ontstaan tot hoe ver sport gedryf moet word.

Om sport na behore te kan beoefen word 'n groot mate selfkennis vereis. Eerstens moet die sportman kennis dra van sy spesifieke aanleg en hoe dit ontgin moet word. Tweedens moet hy kennis dra van sy psigiese ingesteldheid, sodat sy sportbeoefening nie maar net 'n medium van selfgelding gaan word nie. Hierdie „fout" word juis by sovele hedendaagse sportmanne aangetref, waar die sport juis tot die uiterste graad van kompetisie ontwikkel het.

As die selfgeldingsdrang die oorheersende faktor in sportbeoefening word, sal dit noodwendig tot frustrasie lei waar die sportman nie altyd aan die vereiste van die rekord of die oorwinning kan beantwoord nie.

'n Mens moet sport dus gebruik as kompetisiemedium, nie soseer om die rekord te oortref nie, maar om die eie vermoë tot die beste toe te ontwikkel. Die oorwinning moet dus vir die sportman nie lê in die hoogste puntetelling of die eerste plek nie, maar in die wete dat hy na die beste van sy vermoë presteer het.

Maar sport moet subtiel benader word. Want die oordrywing daarvan is fataal. Daarom moet dit 'n aktuele strewe by die P.U. se sportowerheid en sportmanne wees, nl. dat sportontwikkeling nooit ten koste van geestesontwikkeling moet plaasvind nie. Die twee moet hand aan hand loop. Want eintlik is dit een.

## *Studente skryf en praat . . .*

**„What is the Senate trying to hide from the Student Body? Why are they so unwilling to release information of any kind?" — Hoofartikel, Rhodeo.**

**„The besiegers see our university as a forbidding „broeiplek van liberalisme," a vast institution which aims to corrupt the youth of our country and sow in young minds foreign ideologies and doctrines making us un-patriotic and un-South African" — Wits Student.**

**„Dit is verbasend dat daar nog mense is wat onder die indruk verkeer dat die Suide die Noorde se absolute meerdere is wanneer dit by universiteitsrugby kom." — Hoofartikel, die Perdeby.**

**„A university is more than a place to study, more than a place to play. It is the students who should ensure that it is the place where they become members fit for society" — Hoofartikel, Wits Student.**

*INSLEEP!*
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# In U Lig

**Mattheus 11:16 en 17 „Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie."**

Met hierdie verwysing na fluitspel en nie dans nie, 'n klaagsang en nie treur nie, verwyt Jesus Christus die Jode hulle koue onbeweeglikheid tot waaragtige bekering.

Kyk! Johannes die Doper, die grootste onder die profete uit vroue gebore, is roepende onder hulle, en — hulle bestempel hom as 'n duiwelsbesetene. Dan kom Christus, die Seun van God, en — Hy is vir hulle 'n vraat en 'n wynsuiper. So antwoord hulle op hierdie roepstem tot bekering!

Wat sit agter hierdie onbekeerlikheid? Ja, hierdie roepstem bly onbeantwoord, omdat — hierdie mense **soos kindertjies is.** Onbekommerde, sorglose, niksvermoedende en niks bedoelende kindertjies — spelende slegs 'n ydele kinderspeletjie. Daarom is hulle so ongeroer deur God se Woord, want in wese is dit vir hulle maar net 'n speletjie. Daar sit geen erns, opregtheid, egtheid of waarheid in nie. Die roepstem bly onbeantwoord, omdat hulle **soos kindertjies is** — besig met 'n kinderspel in die Koninkryk van God!

Is dit die rede waarom die roepstem van God se Woord so dikwels so onbeantwoord in ons midde bly? Speel ons nie ook maar dikwels soos die soldate met dobbelsteentjies aan die voet van die kruis in die aangesig van Christus nie? Die Koninkryk van God is geen kinderspel nie — hoor Jesus uitkreet aan die vloekhout: My God, my God, waarom het U My verlaat? Die harde, wrede werklikheid nadat die mens God se gebod verspeel het!

Nee! Laat dit ons heilige, waaragtig deurleefde erns wees!

# - Deur My Lens -

Die studentemassa van die P.U. beskik oor 'n aantal voordansers waarvan die talente blykbaar nie hier tot hulle volle reg kan kom nie . . . Op ander universiteite in die land sou hierdie mense sekerlik die louere ingeoes het as van die beste op hulle gebied. Die Potch-dam los wel die probleem ('n koshuisprobleem?) gedeeltelik op. Maar waarom probeer hulle nie ander opvoedkundige inrigtings nie? Talent kan nie sommer so verlore gaan nie. Sulke talente moet tot die uiterste (watter uiterste!) toe ontwikkel word.

**ROOI LIG**

**Die rooi lig in Oosterhof veroorsaak gemengde gevoelens. Dit verskaf blykbaar die regte (?) atmosfeer in hierdie dameskoshuis se sitkamer. Is dit internasionaal of uniek aan die besondere koshuis? Waarom dan rooi? 'n Brief van die huiskomitee sou 'n interessante verduideliking kon bevat.**

Die P.U. se uitstalling tydens die afgelope landboutentoonstelling het die kroon gespan. Dit was uitstekend. Studente en dosente verdien lof. En moet nie die Tegniese Departement vergeet nie. Eienaardig dat so min studente die tentoonstelling besoek het . . .

**LOF**

**Ek het reeds die Skakeltoer van die Studenteraad lof toegeswaai. Vir 'n bietjie ekstra publisiteit beveel ek nou aan dat hulle die toer met fietse onderneem, of hoe?**

Met 'n goeie donasie van vyftig rand (per berig) kan Die Wapad daaraan begin dink om in die toekoms tot die geledere van die dagbladpers toe te tree. Dan kan die koerant nog meer invloed uitoefen. Finansies sou geen probleem oplewer nie.

**NAME**

Op die kampus van die P.U. is die straatname so sielloos en dood soos 'n chemiese formule vir 'n eerstejaar sonder „skeinat." A-laan, B-laan, eerstelaan en so gaan dit voort. Sonder karakter. Met 'n bietjie oorspronklikheid kan die name vervang word deur name soos „Sleeplaan" of „Tokkelaan" of „Spykerlaan" of „Klokkelaan". Of wat van 'n „Heimatweg" of 'n „Maanskynweg".

'n „Studenteweg" sou seker op al die strate en lane van toepassing wees want die weë van die P.U.-kampus behoort aan die student. Daarvan kan menige motoris getuig wat al sy weg moes oopstoot tussen klompe slepende (al is dit dan vakke of voete) studente wat nie van veel meer as hulle eie bestaan bewus is nie.

REFLECTOR

# Ons Flitsgedagte

Om populêr te wil wees is geen skande nie. Dit staan vas dat elke mens graag aanvaar wil word in sy groep en graag wil ervaar dat sy groep hom waardig ag en beskou as 'n waardevolle lid in die onderlinge samelewing. Om populêr te wil wees is dus **menslik.**

Dit is selfs **wenslik.** As almal teen my is dan isoleer dit my en slaan dit my met magteloosheid om waarlik diens te kan lewer.

Populariteit moet gekoop word — dit is ook nie verkeerd nie. Die fout kom hier: wil ek 'n goedkoop populariteit bekom of beskou ek suiwere populariteit as 'n groot waarde waarvoor ek duur moet betaal?

Die prys vir goedkoop populariteit is: volhardende diens; betroubare vriendskap; simpatieke hulpvaardigheid; weldeurdagte optrede; heldere insig en begrip.

Dit prys vir goedkoop populariteit is: die kompromis; die kruip om in die guns te wees; die skelm keuse vir die meerderheid — altyd aan die kant van die meerderheid.


By hierdie goedkoop populariteit leef die spanning altyd: wat dink hulle van my? Is ek nog in aanvraag? Dit word 'n jag na die goedkeuring. 'n Wrede speletjie — hierdie soek na goedkoop populariteit.

Maar hy wat sy populariteit koop met krag en kalmte; hy wat nie primêr soek na populariteit nie, maar na diens; hy wat sy eie prestige sal waag terwille van sy ware oortuiging — hy sal sy populariteit ontvang as 'n dankbare waardering vir al sy inspanning.

En as hy more van sy troon afval omdat die meerderheid teen hom keer? Hy sal sleg voel, maar nie daaronder sterf nie, want sy waardes is reg. Solank hy aan die kant van die waarheid staan bly hy meerderwaardig — al staan hy aan die kant van die minderheid.

Wm.

# BOEKPRYSE?




# *Ons Lesers Skryf*

## GEDEELTE OOR C.H.O. WAS LAAKBAAR

**Geagte Redakteur — Ek wil u gelukwens met die hoofartikel in Die Wapad van 8-3-1967 waarin beplan word dat die artikels moet dien om die denke van die student te aktiveer en om hom krities in te stel teenoor sake. Voorts word verklaar dat dit altyd vanuit 'n CHRISTELIKE oogpunt aangebied sal word.**

Na aanleiding hiervan verwys ek u na die rubriek Skinderhoekie van 12-4-1967 en vra my af of dit wat daar verkondig word (m.b.t. die laakbare manier waarop C.H.O. „geanaliseer" word en tot 'n bespotting gemaak word) vanuit 'n Christelike oogpunt gestel is? Baie beslis nie. Kekkelkaatjie beweer ten onregte daarin dat die beginsel van C.H.O. tot niet gegaan het.

Volgens hom het hoër onderwys op Christelike grondslag en sterker, op Calvinistiese grondslag, geen waarde nie! Ons as studente word as verkrampte mensies sonder waarnemingsvermoë karikatuuragtig voorgehou by ander universiteite en instansies. Volgens hom streef ons na iets wat nie bestaan nie — 'n dooie illusie!

Besef Kekkelkaatjie die volle omvang van sy woorde asook die manier waarop hy soiets beweer? Is dit die manier waarop 'n mens jou Alma Mater dien deur die feit te betreur dat daar instansies bestaan en persone is wat nog alles vir Christelike hoër onderwys feil het? Ek vind dit absoluut laakbaar dat sulke veralgemeende aantygings gemaak word.

As Kekkelkaatjie sy geskiedenis lees, sal hy weet dat hierdie universiteit nog altyd 'n behoudende element in ons volkslewe was. Persone wat verantwoordelikheid op die manier wil aanvaar t.o.v. hulle universiteit, hoort nie tuis nie! Christelike Hoër Onderwys is geen mite nie.

POEN COETZEE

**(Brief verkort — Red.)**

## C.H.O. GEEN MITE

Geagte Redakteur — Ek wil u gelukwens met die weeklikse verskyning van Die Wapad om sodoende 'n dringende poging aan te wend om die denke van die student te aktiveer, te meer omdat dit uit Calvinistiese oogpunt gedoen word.

In watter lig moet die rubriek Skinderhoekie van 12 April gesien word? Dit skyn of Die Wapad besig is om aan al sy lesers ook dié aan ander inrigtings, te verkondig dat die grondslag van die P.U. reeds ondergegaan het, dat diegene wat onder die invloed van die C.H.O. staan, maar armsalige mensies is wat iets wat maar 'n illusie is en altyd was, navolg.

**NEGATIEF**

Besef Kekkelkaatjie presies wat die konsekwensies van die skrywe is? Ruim toegegee is dit uiters negatief. Ek is oortuig dit ek nie as enkeling beswaar maak teen die beskouing van C.H.O. as mite nie. Wat soek so 'n persoon in die P.U. se studentelewe?

FANIE COETZEE

**Nog briewe verskyn op bl. 5**

# Redakteur skets oogmerke met Besembos

**„ELKE student wat daarin belangstel, word deur die redaksie van die Besembos genooi om 'n bydrae vir die blad te lewer." So het mnr. Neels Smit, hoofredakteur van die Besembos, in 'n onderhoud met ons nuusverslaggewer gesê. Onder bydraes bedoel hy nie net artikels nie, maar ook gedigte, pensketse, portretstudies en kunsfotos.**

**Elke artikel moet om die sentrale tema verweef word. Die tema is Kommunikasie. Artikels moet ongeveer 1,200 woorde beslaan. Die laaste datum vir die inhandiging van bydraes is 31 Mei.**

Mnr. Smit het verder gesê dat sy redaksie beoog om die Besembos vir 1967 so akademies moontlik te rig.

„Die Besembos is die jaarblad van 'n besondere universiteit. Dit dra 'n spesifieke verantwoordelikheid, nie alleen teenoor die Universiteit nie, maar ook teenoor hulle wat buite die universiteit staan. Met die Besembos word die akademiese venster van die P.U. na buitetoe oopgemaak. Daarom is dit die taak van die blad om die buitewêreld 'n blik te gee binne die grense van ons universiteit. Daar moet gesien word wat Christelike Hoër Onderwys is en hoe dit in die praktyk tot wetenskaplike uitvoering gebring word.

„Ek sien die Besembos verder as 'n barometer van die ontwikkeling op universitêre vlak, geestelik sowel as stoflik. Daarom gaan die blad 'n medium wees waardeur ons, as studente aan die buitewêreld sal toon dat ons reformatories besig is in die uitbouing van die wetenskap.

„Belangriker nog as dit moet hierdie blad sekere brue na buite bou. Daarom moet dit myns insiens tipeer word as 'n benadering tot die eietydse vraagstuk, die hedendaagse aktuele probleemstellinge op verskillende vakgebiede. Dit sal aan die wêreld buite die akademiese sfeer van die P.U. toon of die studente van die P.U. hulle self in die tyd van die hede bevind. En of hulle hulself in hierdie tyd kan handhaaf."

Mnr. Smit het gesê dat hy die Besembos wesentlik as die spieëlbord waarop die lewensbeskouing van mense geprojekteer word, beskou. „'n Lewensbeskouing wat vir die leser gaan bepaal met watter mense hy te doen het."

## Beurse te kry

Sowat 25 beurse aan Suid-Afrikaanse studente wat in Brittanje wil gaan studeer is deur die „British Council" beskikbaar gestel. Aansoeke kan gerig word aan die kulturele attaché by die Britse ambassade in Pretoria.

Die reis- en studiebeurse geld vir die akademiese jaar 1968-69 en is beskikbaar vir permanente inwoners van die Republiek en Suidwes-Afrika.

Ontvangers van die beurse moet self reëlings tref met die Britse universiteite of ander opvoedkundige inrigtings waarheen hulle wil gaan en ook reëlings vir hulle verblyf in die buiteland.

## Regstudente hou dinee

Die regstudente aan die P.U. het verlede Saterdagaand 'n dinee in 'n plaaslike hotel gehou. Dit is bygewoon deur sowat 100 persone waaronder al die LL.B.-finale jaars van 1961 en 1966

By die geleentheid het mnr. J. C. Ferreira van die staatsdiens die aanwesiges toegespreek oor regsopleiding in verskillende lande.

**Die rektor van die P.U., prof. Bingle, het in sy toespraak uitbreiding van die regsfakulteit beloof.**



**Die studente wat grotendeels die organisasie van die Regsdinee behartig het. Ander verenigings mag miskien die wenk opvolg, dat dit betaal om 'n 'n dinee vroeg in die jaar te reël in plaas daarvan om tot aan die einde van die jaar te wag. (Foto: Fotokuns)**

## *RUBRIEK HELP ANTICHRIS*

Geagte Redakteur —Die Wapadredaksie is, sover ek weet, 'n komitee van die Studenteraad, en Die Wapad self die amptelike studentekoerant van ons Universiteit. Die standpunte van Die Wapad, veral in sy hoofartikels en rubrieke, mag dus niks anders wees as van sy struktuur-prinsipieel bepaalde massa nie!

In die laaste tyd lyk dit of Die Wapad hom laat gebruik deur sekere rubriekskrywers wat niks anders beoog as om dit waarvoor ons veg en staan te probeer belaglik maak nie!

Ek sal C.H.O. maar weglaat terwyl ons rubriekskrywer(ster?) dit beskou as Chloroform — iets soos die Kommuniste se uitlating. „Godsdiens is die Opium vir die volk!"

Bangbroek - rubriekskrywers, wat wegkruip agter rubriekname gebruik Die Wapad in die stryd teen die Antichris vir die saak van die Antichris.

Van Die Wapad verwag ons verantwoordelike bevordering van 'n Christelike studentelewe.

PONTIFEX VENTER

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Van die Studenteraadstafel

Nadat mnr. Kempf, die vorige ouditeur van die S.R. se boeke, sy praktyk verkoop het, moes 'n nuwe ouditeur aangestel word. Die Studenteraad het besluit om mnr. G. W. L. Bezuidenhout aan te stel. Mnr. Bezuidenhout is nou die ouditeur van die universiteit se boeke.

**KAAPSTAD**

Die Universiteit Kaapstad sal nie meer op die voorgenome skakeltoer deur die Studenteraad besoek word nie. Die rede vir hierdie besluit is dat die P.U. se beleid op die volgende neerkom: Blank verteenwoordig blank en nie-blank verteenwoordig nie-blank, maar in die geval van 'n gemengde groep word die groep deur blank verteenwoordig. 'n Verdere probleem wat skakeling met U.K. in elk geval uitskakel is die feit dat die Studenteraad aldaar op die oomblik as 'n onwettige liggaam bestaan. Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. het dan ook besluit om alle kontak op Studenteraadsvlak met die Universiteit Kaapstad te verbreek solank hulle as onwettige liggaam bestaan.

**HANDBOEKEKSAMEN**

Daar is besluit om die Studentehandboekeksamen uit te stel tot Saterdag 13 Mei. Die rede hiervoor is dat die nuwe uitgawe van die Studentehandboek nie betyds gereed sal wees om aan studente beskikbaar te stel nie.

**SIERWAENS**

Die Padveiligheidsraad wil op Saterdag 6 Mei, 'n Padveiligheidsdag reël. Met die oog hierop is die P.U. genader om onder andere twee sierwaens te bou wat aan 'n optog sal deelneem. Die een sierwa wat deur die P.U. gebou word, sal die vorm van 'n skynhof aanneem. Studente sal ook gevra word om as kollektante op te tree, geklee in uitspattige kostuums, terwyl 'n fietsresies tussen spanne van die Puk en Pote 'n verdere deel van die dag se verrigtinge sal uitmaak. Spanne van die Puk en Pote sal ook deelneem aan 'n kompetisie om motors met tienpond-hamers in 'n rekordtyd uitmekaar te slaan.

**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . .

dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,

EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

**Tomstraat 86 Tel. 5474**

# Laë peil gehandhaaf op konsert

**DIE eerste inter-koshuiskonsert wat Saterdagaand 22 April in die Totiussaal aangebied is, het glad nie aan die verwagtinge voldoen nie. Nader aan die waarheid sou wees dat dit een van die swakste konserte is wat nog aangebied is.**

**Die hele gang van die konsert was lokaal, gemoedelik — gebonde aan die vertroude en bekende: 'n Eenbedryf, wat nie veel gebring het nie, 'n paar koortjies waarvan die beste Kulu s'n was, 'n goeie voordrag deur Hettie Combrinck en in 'n swak, aan bedroewend-grensende smaak, het Dawie Doep iets probeer bring wat ek nou nog nie die strekking van kan peil nie.**

Ek dink die tyd is verby dat ons as studente in die platvloerse en eenvoudige moet bly steek. Waarom kan inter-koshuiskonserte nie op groter intelligenter vlak aagebied word nie? Daar bestaan tog goeie eenbedrywe! Selfs die kore kan sonder die onnodige en niksbeduidende mooi kleertjies klaarkom!

**VULGêR**

En wat ons gerus maar kan onthou is dat vulgêre en vuil grappe nie snaaks is nie — dit hoort nie by intelligente en opgevoede mense tuis nie!!

**BESKAMEND**

**Met sulke soort konserte gaan ons nie veel bereik nie. Trouens ek dink elkeen wat Saterdagaand daar was het bietjie beskamend en ironies aan die kunsskeppinge van die P.U. gedink. 'n Studentemassa se konsertgehalte word alleen groot en waardevol as daar met harde en onverbiddelike eise gewerk word. Dit is 'n streng taak wat sy beloning bring in die gee van iets wat helder en besonder uitskiet in die gemoedelike lewe van elke dag.**

P.H.R.

## Studente skend grafte

'n Mans- en 'n damestudent van 'n kollege in die V.S.A. wat met 'n motor gereis het is deur die polisie voorgekeer. By ondersoek is agter in die studente se motor drie grafstene gevind. Dit het geblyk dat die man die grafstene uit 'n begraafplaas verwyder het om sy vriendin se kamer mee te versier. Hulle is elkeen 'n boete van 300 dollar opgelê vir grafskending en die motor is gekonfiskeer.

## KUNSGESELSIE

In 'n vorige bydrae is daar gepraat van die balans wat tussen die oue en die nuwe in die uitbou van 'n Volkskultuur gehandhaaf moet word. Maar hoe bepaal ons nou wat opbouend of afbrekend in die ,nuwe', vir so 'n kultuur sal wees?

Ons kan as voorbeeld neem die nuwe rigting in ons Afrikaanse letterkunde. Hierby moet dadelik gesê word dat daar nie gepoog gaan word om uit letterkundige oogpunt kritiek te lewer nie; maar wel vanuit 'n kulturele.

**GODSBEGRIP**

Dit is reeds bekend dat 'n kultuur gedra word deur 'n sekere godsbegrip. In die lig daarvan en gerig deur die tradisie bou 'n volk dan so 'n kultuur uit. So sal ons sien dat die Christen se lewenswyse en waardes totaal verskil van die van die Mohammedane.

**Die volksgeloof speel daarom 'n belangrike rol in die uitbouing van 'n kultuur. Die nuwe idee moet dus tog binne die Volksgeloof staan om immers 'n byvoeging tot daardie volk se kultuurskat te wees.**

**VERWARREND**

'n Vlugtige blik oor die huidige tydsgewrig sal aan ons toon dat daar reeds sedert 1945 'n verwarrende geestelike veelsydigheid geheers het wat in verskillende gedaantes en op verskeie metodes sy voelers oor die wêreld vanuit 'n gekweste Europa uitgestoot het. Ook Suid-Afrika het nie uitgebly nie. Die steeds groeiende Afrikaanse kultuur het 'n geredelike toegang tot hierdie strominge verleen.

**GELYKMAKING**

In ons nuwe letterkunde kan hierdie sug na gelykmaking en krete van eensaamheid gesien word. Hoe rym dit met ons volksgeloof? Die volksgeloof is die blywende bron van die volksverhaal.

**As ek as Calvinis dus nie my God in die ,nuwe' sien nie; distansieer ek my van die nuwe en sy doelbegrip. Dan bou ek voort sodat my skeppinge kan getuig van die Eer van God**

J.M.V.



**'n Gedeelte van die gekombineerde mans- en dameskoor van Kulu en Uitspan wat Saterdagaand aan die eerste van 'n reeks koshuiskonserte deelgeneem het.**

**(Foto: De Zee)**

## Leer of leër !

Die Lovanum Universiteit in die Kongo het twee weke gelede al 2000 sy studente geskors. Die drastiese maatreël het gevolg op opstootjies en 'n staking op die kampus.

**MOBUTU**

Die universiteitsowerhede het nou aangekondig dat hulle die herregistrasie van sommige studente sal oorweeg. Hiermee gepaard gaan egter 'n waarskuwing van die Kongolese president, Joseph Mobutu, dat hy nie sal aarsel om die universiteit permanent te sluit om al die studente op te roep vir militêre diens as daar weer enige moeilikheid op die kampus uitbroei.

**AANRANDING**

Die opstootjies en staking onder die studente het as oorsaak gehad die skorsing van vyf studente vir 'n maand op aanklag van aanranding op 'n verpleër en twee universiteits-polisiebeamptes.

## MONA LISA VAN BACH ?

'n Opname oor die kennis wat B.Sc-studente oor die skone kunste het, is onlangs aan die Universiteit Stellenbosch gemaak.

Uit tien vrae oor musiek en letterkunde, kon die meeste studente net twee antwoord. Opsienbare feite wat aan die lig gekom het, is: die Mona Lisa is 'n skildery van Bach, Rudolf Nyerev is die skuilnaam van U.S. se rektor, prof. H. B. Thom, en een van Shakespeare se komedies is „Mck Beth," terwyl die komponis van „Mad^me Butterfly," Puschkini is.

## Uitstalling beïndruk met abstrakte kuns

**Die Potchefstroomse Kunsvereniging het vanaf 18 tot 22 April 'n besondere en belangrike uitstalling in die Kunslokaal van die Frans du Toit-gebou gehou. Vier van S.A. se meer toonaangewende kunstenaars het uitgestal. Hulle is proff. Walter Battiss en Maurice van Essche, Gordon Vorster en Louis Steyn.**

Proff. Battiss en Van Essche het reeds 'n definitiewe plek in ons Kunsgeskiedenis ingeneem. Battiss is een van die skilders wat in S.A. begin werk het toe die kuns hier te lande sterk onder naturalistiese tendense gestaan het. Deur die besondere rigting wat hy ingeslaan het, bring hy 'n vernuwing en lei die kuns in bane van n nuwe eiesoortige uitdrukking.

**ONVERSTAANBAAR**

Sy werk is dikwels onverstaanbaar omdat hy hom in n groot mate losgemaak het van die werklikheidsvormgewing. Dit verhinder mens egter nie om die skoonheid van kleur, die opgewekte gees en spontane benadering te geniet nie. Hierin lê dan ook sy grootste krag.

**ONTROERING**

In teenstelling met Battiss doen Van Essche besonder ernstig aan. Die kunstenaar vertrek van die werklikheid maar maak dit aanpasbaar by sy geestestoestand. Sy oeuvre staan in die teken van die hoogspersoonlike. En hierin lê bevange tragiek en ontroering.

**DIEREWêRELD**

Gordon Vorster en Louis Steyn neem altwee die dierewêreld as uitgangspunt. Albei gebruik die dier as dekoratiewe patroon in hulle werk. Vorster sien die dier as patroon van die veld terwyl humoristiese elemente in die dierewêreld die aandag van Steyn geniet.

**In die geheel gesien was dit een van die beste uitstallings wat nog hier plaaslik aangebied is. Die skilderye was deurgans artistiek en vakkundig, verteenwoordigend van die grootste wat Suid-Afrika besit.**

## Britte verhoog studiegeld

Suid-Afrikaanse studente sal geraak word deur die besluit van die Britse regering om universiteitsgelde vir buitelandse studente wat in die land studeer drasties te verhoog.

Die gelde vir studente op driejarige kurssuse is vanaf R436 na R1500 verhoog. Die verhoging tref nie net studente nie, maar ook die skenkers van beurse. Die trust wat die Rhodes-beurse beheer, se uitgawes sal na verwagting met meer as R60,000 per jaar verhoog word. —SANSPA

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.
Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

LA VOGUE
POTCHEFSTROOM SE MEES MODERNE DRAPERIE HANDEL.
La Femme Drapers (Pty.) Ltd.
KERKSTRAAT 130, Telefoon 3822.

Met komplimente van
AJAX (Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

AANKONDIGING
PAN COETZEE
UNIEWINKELS
GRAAG KONDIG ONS AAN DAT DIE WELBEKENDE FIRMA, PAN COETZEE, NOU ONDER BESTUUR IS VAN UNIEWINKELS, DIE MODERNE WINKEL, MET MODERNE DINGE VIR MODERNE MENSE.

Flieks vir die week
GRAND
WOENSDAG
"INCOGNITO"
EDDIE CONSTANTINE
GABY ANDRE
DONDERDAG — SATERDAG
"BOY DID I GET THE WRONG NUMBER"
BOB HOPE
ELKE SOMMER
INRY-TEATER
WOENSDAG en DONDERDAG
"WHAT'S NEW PUSSYCAT?"
PETER O'TOOLE
PETER SELLERS
URSULA ANDRESS
PAULA PRENTISS
VRYDAG en SATERDAG
Eerste Vertoning
THE KING AND I
Tweede Vertoning
"WHAT'S NEW PUSSYCAT?"




Die Voetpad kan vandag hoogs sensasioneel en vertroulik aan sy lesers (aldrie van julle) meedeel dat hy verneem het dat die Albasterspelende „Boys" (ook bekend as die A.S.B.) op die kampus van die Tarentaalse Universiteit verbied is. Die S.R.-voorsitter het hieroor aan Die Voetpad gesê: „Tot tyd en wyl die „Boys" hulle by albasters bepaal en die ghoens uitlos, sal ons hulle as 'n nusans beskou."

**ATL-ETIEK**

„Hardnekkige gerugte doen die rondte dat 'n nuwe verligte vak op die punt staan om ingestel te word. Dit heet glo atletiek en sal gedoseer word deur oom Piet Kalant, vanweë sy besondere kennis van hierdie en aanverwante vakke. Toe Die Voetpad prof. W. J. de Kramp, 'n bekende op die kampus, hieroor genader het, het hy gesê: „Ek dink dis belaglik. Hoe gouer hulle atl-logika daarby sit, hoe beter."

**KONSERT**

In die lig van die hernude en versterkte kunsbedrywighede op die kampus, het Die Voetpad 'n onderhoud gaan voer met mnr. Nico van der Blêrwe. Mnr. Van der Blêrwe is voorsitter van die Altyd-bedrywige Kunsklub (hier en daar ook bekend as die A.B.K.K.).

**In antwoord op 'n vraag wat hulle presies verlang in die koshuiskonserte wat tans gehou word, het mnr. Van der Blêrwe geantwoord: „U weet natuurlik daar is hoofsaaklik twee soorte grappe — die goeies en die skones. Omdat ons die konserte op so 'n hoë peil moontlik wil hou, verwelkom ons veral eersgenoemde."**

Op 'n vraag wat hulle houding teenoor „folksinging" is, het mnr. Van der Blêrwe gesê: „Ag, dis O.K. Solank dit net kuns en kultuur is."

**KOMPETISIE**

Die Voetpad stel sy lesers met spyt in kennis dat hy in 'n onlangse studentekoerantkompetisie slegs die tweede plek kon behaal. Die Vratie was eerste en die Heuningby derde. Die Voetpad is o.a. gekritiseer omdat hy nie sensasioneel genoeg is nie. Die redakteur se kommentaar hierop was: „Wel, as ons met ons ons planne voortgaan, het daardie ander twee hierdie jaar nie 'n kans nie. Foto's van die redaksie (en veral die hoofredakteur) op die voorblad, sal aan die orde van die dag wees."

# Ons Huis vier ‚haar' verjaardag

**DIE verjaardag van Ons Huis is verlede Saterdag-aand in 'n atmosfeer van kerslig en smaaklike happies op tradisionele wyse gevier. Dit was terselfdertyd 'n inwydingsplegtigheid na die terugplasing van die dames in diekoshuis.**

**Heimat, Uitspan en Haak-en-Steek was ook by die geselligheid ingesluit omdat dit 'n Kompleks-aangeleentheid was. Hulle aandete is in iets deftiger omgeskep en 'n geurige maaltyd is voorgesit. Bohla, soutighede en roomys was onder andere op die sypskaart.**

Die huisvader, prof. W. N. Coetzee het by die geleentheid gesê dat die gebaar vir hom treffend en mooi was. Prof. Coetzee het gesê dat dit vir hom 'n besondere eer was om teenwoordig te wees aangesien hy een van die eerste inwoners van die ou statige gebou was.

**POTPLANT**

Mev. W. N. Coetzee en dr. L. C. Minnaar was ook eregaste. Dr. Minnaar het by die geleentheid 'n pragtige potplant aan die koshuis geskenk.

Oorspronklik sou 'n tuinparty gegee word, maar die ongure weer wou nie saamspeel nie.

Ons Huis het met die geleentheid ook geskenke van die onderskeie manskoshuise ontvang. Die dames hoop verder dat die ontwikkelings op die P.U. hulle nie in die nabye toekoms sal noop om die koshuis te ontruim nie.

## SENSUUR

Op 'n onlangse massavergadering het studente van die Rhodes Universiteit 'n mosie van sensuur teen die senaat van die universiteit aanvaar.

Die stap volg op die onlangse omstrede toekenning van eredoktorsgrade.

RHODEO

## Nuwe koshuis kom nog nie

Gerugte wat die rondte gedoen het in Over de Voor en elders op die kampus dat binnekort begin gaan word met nog 'n nuwe koshuis op die terrein voor Dawie Doep en Over de Voor het geblyk niks meer as gerugte te wees nie.

**GRAS**

Die sprake van 'n koshuis was die gevolg van die bedrywighede van Bantoes wat op die oomblik bloekombome op die terrein verwyder. Toe 'n verslaggewer een van die blankes daar genader het, is hy meegedeel dat daar beoog word om gras te plant op die betrokke stuk grond.

**NIE GOU**

'n Woordvoerder van die Administrasie het Die Wapad meegedeel dat nog 'n koshuis wel daar opgerig gaan word (die nuwe eetsaal langs Huis Rus het plek vir 800 eters) maar nie in die onmiddellike toekoms nie.

## Operatrise vir hysbak gesoek

Op 'n onlangse koshuisvergadering van Huis Rus is besluit dat aansoeke om die pos van hysbakoperatrise ingewag sal word.

Volgens wat verneem word sal die hysbakke binnekort geinstalleer word.

Die enigste vereiste wat aan applikante gestel word, is 'n kennis van Statistiese Wiskunde.

## Is Dawie Doeper vermoor ?

Een van Potchefstroom se koelbloedigste moorde het hom die naweek afgespeel waarby 'n persoon, vermoedelik een van Dawie Doep se inwoners, Sondagoggend dood langs die koshuis aangetref is. Blykbaar was dit doelbewuste galg-moord,



want 'n tou om die nek is bo aan 'n balk vasgemaak.

Bloed het by die neus en ore uitgeloop, terwyl verskeie kneusplekke aan die liggaam te sien was.

Die naam van die persoon is nie bekend gemaak nie, tot tyd en wyl sy naasbestaandes daarvan verwittig is. Die speurdiens van verskeie Transvaalse dorpe is op Potchefstroom saamgetrek en in samewerking met 'n gekose komitee uit Dawie Doep, poog hulle om die persoon of persone op te spoor wat die tamatiesous uit die eetsaal en die tou uit die kamer van 'n inwoner van die koshuis verwyder het.

## Oud-Pukke gaan na Madrid

Twee oud-studente van die P.U. is die enigste twee afgevaardigdes van Suid-Afrika na die aptekerskongres wat van 16 tot 31 Julie in Madrid gehou word.

Die twee is mnre. Theo Vorster en Chris Smit, onderskeidelik onder-president en penningmeester van die Suid-Afrikaanse Aptekersfederasie.

Na die kongres sal die twee afgevaardigdes 'n studietoer deur Europa onderneem.

## Nusas wil nie debatteer

Die Nusas-komitee aan die Durbanse tak van die Natalse Universiteit het besluit om die uitdaging van die Konserwatiewe Studentevereniging tot 'n debat oor die houding van Nusas oor Rhodesië van die hand te wys.

Nadat hul voorsitter, mnr. D. Remenyi, die uitdaging van mnr. Reinier Schoeman aanvanklik aangeneem het, het die komitee anders besluit, omdat Nusas nie bevoeg is om die saak te bespreek nie, aldus die komitee.

SANSPA

# Nog Briewe

## NUWE ORGANISASIE MOET GESTIG WORD

**Geagte Redakteur — By my het die vraag opgekom of ons as Afrikanerstudente met reg kan roem op 'n studente frontorganisasie waarin ons 'n georganiseerde eenheid is wat selfstandig in die volkslewe funksioneer. Die antwoord is negatief, veral as ons na die eise van ons tyd wil kyk.**

Ons kry vandag in toenemende mate 'n houding van passiwiteit onder ons t.o.v. aktuele onderwerpe. Veral ook 'n dringende gemis aan studenteleierskwaliteite. Daar is byvoorbeeld die swak beredenering van aktuele onderwerpe op ons massavergaderings. Dit dui op 'n element van onverskilligheid en onbekwaamheid.

**A.S.B.**

Die vraag is nou of ons werklik so 'n organisasie het waarin daar voldoende ruimte is vir die ontplooiing van studenteleierskap. Ek begewe my nou op die terrein van die A.S.B. deur te beweer dat ons nie so 'n organisasie het nie — die A.S.B. beantwoord nie meer aan sy doel nie. Ons het die A.S.B. ontgroei en vind dat die liggaam nou te eng gedefinieer is in terme van ons moderne studentekodes om met vrug op te weeg teen die moderne wêreldeise. Die A.S.B. kan dus as ouderwets bestempel word.

**TYDVAK**

My motivering vir bogenoemde stelling kom daarop neer dat ons moderne tydvak 'n standvastiger standspuntinname as voorheen vereis t.o.v. nasionale aangeleenthede. Ons het 'n dringende behoefte aan 'n organisasie waarin ons as leiers van môre ons standpunt kan vorm en konsolideer vir die toekoms maar ook aktief aan die wêreld uitdra.

**VRUG**

Die essensie van die motivering kom daarop neer dat dit 'n organisasie moet wees wat 'n rigtinggewende determinant in ons volkslewe behoort te wees. Ons wil vrug sien op ons werk en strewe.

**Het dit nie beslis tyd geword vir 'n georganiseerde studenteorganisasie om 'n aktiewe standpunt in te neem teenoor die volksverderwende element van immigrasie, of om aktief te word m.b.t. die slap houding in ons eie geledere t.o.v. ons Afrikanertoekoms nie?**

**TEEWERK**

Dit is veroorsaak deur die oorbeklemtoning van die Afrikaner se sukses met sy opkoms en „sy onaanvegbare posisie" wat hy nou beklee. Ons het beslis 'n organisasie nodig waarin ons die staat van „agteroorsit en alles in 'n klaar opgemaakte pakkie ontvang" kan teëwerk. Dit is nodig omdat ons 'n geslag is wat nie die stryd van die Afrikaner gesien het nie en dus nie ten volle waardeer wat ons nou het nie en ook nie die taak en die erns daarvan besef nie. Ons laat ons meesleur deur die tydsgees wat verdag is.

**FENOMENAAL**

**Ons beginsels moet geaktiveer word sodat ons meer roepingsbewus kan wees. Met hierdie betoog bedoel ek geensins „'n Rooi-Chinese kulturele revolusie" wat moet volg nie. Ons taak is egter fenomenaal. Staan die waarskuwing nie al lank aan ons deurkosyne geskryf nie: „White Man think again."**

P. VAN ZYL

## Studentetaal gekritiseer

Geagte Redakteur — Ek wil my voeg by mnr. Labuschagne (Die Wapad 19 April) in sy pleidooi vir Afrikaans. Dit is waar dat die sg. studentetaal op alle kampusse baie gewild is. Maar is dit nie ook tyd dat die Afrikaner-student sy deel sal doen in die stryd om die handhawing van ons taal nie?

Luister na die volgende: 'n Ander „maccie" vra my of jou „goose" Sondag hier kom „graze". Met my gaan dit „mission". Ek het Engels „as usual afgechop". Waar „cabin jy? „Cheers!" (Bekend, nie waar).

Ons kan op die P.U. kampus begin met 'n poging om Afrikaans suiwer te praat en bg. „slang" uit te skakel. Elkeen kan hom daarop toelê om suiwer te praat en hy kan sy „pelle" vra om hom te wys op 'n glips.

JOHAN VAN DER BERG

## Kekkelkaatjie geprys

Geagte Redakteur, —Dit was 'n genot om die Skinderhoekie van 12 deser te kan lees, en die spot daarin te geniet. Teen die kritiek daarop die volgende: 1. daar was 'n dans; 2. slegs vir C.H.O.-studente; 3. gereël deur die P.U.-studente. Die ontnugtering deur die redakteur se (vrywillige?) apologie was groot. Kan ons selfs nie meer geregverdigde „spot" verdra nie? Kan ons nie eers meer insien dat die bedoeling was, en is, om ons te laat wakkerskrik nie?

Wat in die artikel genoem word is feite so groot soos koeie, alhoewel deksels siek koeie! Dit help nie om op 'n ashoop by Mooirivier se strome te gaan sit en klaagliedere kreun nie; nee, ons moet nie orals kommunistiese en liberalistiese goggatjies gaan staan en soek nie en ewemin ons tyd mors deur briewe aan koerante oor ons „ontdekkings" nie. Ons moet positief teen 'n woedende mite optree.

**LIEF**

**'n Calvinis was altyd lief daarvoor om te spot, selfs met dit wat vir hom heilig is; op die manier het hy sy medestryders opgeskerp en warm gemaak, 'n Groot man kan spot waardeer en . . daaruit leer!**

WOUT TEN HAAF




*Dit is die snit wat tel . . .*
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandeleaars*

Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM



*Ry in die WAPAD*



met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van

**PARK FIETSWINKEL**

Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
*Onderdele — Herstelwerk*



# Pukke het potensiaal maar ...

## Eerstes gelukkig teen Lichtenburg

**DIE Pukke moes Saterdag op Olënpark baie hard veg om die sterk span van Lichtenburg met 3—0 te klop. 'n Skepdoel deur Koos du Plooy, senter van Wes-Transvaal, agt minute voor die einde, het die wedstryd in die Pukke se guns beklink.**

**Lichtenburg se swaar voorspelers en gewillige agterlyn het die studente lelik laat bontstaan en was telkens ongelukkig om nie punte aan te teken nie. Daarbenewens het Willem Roux, heelagter van Lichtenburg, groot stukke veld gewen met sy buiteskoppe. Hy het egter nooit onder druk gespeel nie.**

Die Pukke se vinnige agterlyn is goed vasgevat en die bewegings het almal doodgeloop. Dit was egter die agterlyn se eie skuld, want Koos du Plooy en Gerrit Botha het te skuins gehardloop. Onder druk het Martin Grundlingh, heelagter van die Universiteit, hom goed van sy taak gekwyt, alhoewel hy nie altyd die buitelyn gevind het nie.

**HARD**

Die voorspelers het hard gespeel, maar die ondersteuning ontbreek nog wat hulle 'n hegter eenheid sal maak. Daar moet egter melding gemaak word van die skitterende spel van Theuns G. Kruger en Piet Brandt.

**Die potensiaal is daar, maar daar is nog te veel passasiers in die span wat nie self iets onderneem nie, maar wag totdat die bal na hul kant toe geslinger word.**


**MOOI SPEL**

Die tweede span van die Puk het weer eens met mooi spel voor die dag gekom en Lichtenburg met 33-3 verslaan. Daar was geen keer aan hulle nie en die agterlyn het telkens deur gapings geglip en agter die doellyn gaan kuier. In die agterlyn was dit veral Dries du Plooy, Koppies le Roux en Frik Swart wat die oog gevang het. As die senters nie so suinig was nie, kon die telling miskien baie hoër gewees het.

In 'n ander ligawedstryd het Over de Voor met 26-0 teen die sterk en swaar span van Blyvooruitzicht verloor. In nog 'n ligawedstryd het die O19 A's die O19 B's met 42-0 geklop.

### Neserbeker-punteleer

| | S | W | V | G | P |
|---|---|---|---|---|---|
| Rustenburg | 3 | 3 | 0 | 0 | 6 |
| Potchefstroom | 4 | 3 | 1 | 0 | 6 |
| Universiteit | 2 | 2 | 0 | 0 | 4 |
| Sasolburg | 3 | 2 | 1 | 0 | 4 |
| P.O.K. | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Strathvaal | 2 | 1 | 1 | 0 | 2 |
| Western Reefs | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Westelikes | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Lichtenburg | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Goldfields | 4 | 0 | 3 | 1 | 1 |
| Klerksdorp | 3 | 0 | 2 | 1 | 1 |



**Piet Bruwer, heelagter van Dawie Doep se eerste span, stuur die bal netjies deur die pale in hulle wedstryd teen Lichtenburg. Dawie Doep het die wedstryd maklik gewen. (Foto: De Zee)**

# CURRIEBEKER-ATLETIEK LEWER REKORDS

**Verlede Saterdag is die Suid-Afrikaanse atletiekseisoen op die Bill Swart-Ovaal met 'n paar pragtige vertonings afgesluit. Paul Nash en die Noord-Transvaalse vrouespan het vir Suid-Afrikaanse rekords gesorg, terwyl Willie Coetzee sy eie Suid-Afrikaanse rekord geëwenaar het.**

In die 100 meter oortref Nash se tyd van 10.1 sekonde die S.A. rekord wat deur hom en Judge Jefferys gesamentlik gehou was met .1 van 'n sekonde. In die 200 meter het hy sy S.A. rekord geëwenaar met 'n tyd van 20.5 sekonde. Sakkie van Zyl en Petrus Minderen het onderskeidelik tweede en derde gekom, soos wat dit ook in die 100 meter die geval was.

Pauline Craven, wat pas sestien geword het, het 'n nuwe Wes-Transvaalse rekord in die 100 meter daargestel deur dit met 'n tyd van 11.7 sekonde te wen, wat gelykstaande is aan 10.7 sek. vir die 100 tree. Die verspring het sy ook met die mooi afstand van 19 vt. 1 dm. gewen.

Peter Rich het die ou Wes-Transvaalse rekord van Gert Potgieter in die slag laat bly toe hy die 440 tree-hekkies in 51.3 sek. gehardloop het.

**VERRASSAING**

In die 800 meter het Neil Symons van Wits vir die grootste verrassing van die dag gesorg toe hy Vaughn Jacklin 'n paar tree van die wenpaal verbygesteek het om die mooi tyd van 1 min. 49.6 sek. aan te teken.

Ann Mackenzie het 'n nuwe Wes-Transvaal rekord in die 800 meter vir dames in die slag laat bly. Haar nuwe rekordtyd is 2 min. 10.3 sek. 'n Goeie vertoning is ook deur Dawid Booysen in die gewigstoot gelewer.

**Suid-Transvaal het die Curriebeker vir atletiek gewen deur Natal met 76-45 te klop.**

**WILLIE**

Willie Coetzee het eweneens vir 'n puik vertoning in die 110 meter hekkies gesorg, toe hy sy eie en Kerneels Uys se S.A. rekord van 13.9 sekonde geëwenaar het.

Eugene Brasler, Pauline Craven, Denise van Wyk en Annatjie Botha het 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord van 46.8 sekonde opgestel in die vroue aflos. Dit oortref die sestienjaar-oue rekord (destyds 'n wêreldrekord) met .1 van 'n sekonde.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

## 14 Pukke speel vir W.-Tvl.

**Verlede Woensdag is die finale Wes-Transvaal rugby-proewe afgehandel en is die Puk weer eens goed in beide die senior en O.20 span verteenwoordig. Daarbenewens het ons manne ook die kaptein van die O.20's en die onderkaptein van die seniorspan opgelewer.**

Die volgende Pukke is in die O.20 span opgeneem: Gert Kruger (slot en kaptein), André de Bruyn (slot), Tiny van Elk en Alwyn Kruger (voorry), Spotty de Jager (haker), Div Redelinghuys (agsteman), Barend Venter (flank) en Jannie Barnard (losskakel).

Vir die seniorspan is gekies: Dennis de Klerk (skrumskakel en onderkaptein), Ibbert Joubert (vleuel), Piet Brandt (slot), Deon Malan (haker) en Koos du Plooy (senter). Herman Venter (slot) voer Wes-Transvaal se B-span aan.

Die spanne speel die 29ste April teen spanne van Oos-Transvaal op die Markotterstadion in Klerksdorp.

## Skermklub presteer

Die skermklub het die 15de April met Tukkies kragte gemeet en alhoewel die Pukke baie goed vertoon het, kon hul nie die mas heeltemal opkom nie.

Die manne het hard geveg en het baie van die gevegte net-net verloor. Pukke wat verdien om genoem te word is: Eric Wilson, Sarel Venter en Fikkie Fick ('n Poot wat op P.U. studeer). Wilson was nog baie onfiks aangesien hy meer as 'n jaar laas in 'n kompetisie geskerm het, maar het nogtans uitgeblink.

Die tweede span het ook sterk teenstand gebied en twee beginners in die span het bewys dat die talent nie ontbreek nie.

## SPANNENDE EINDSTRYD VERWAG IN TENNIS

**Die P.U.-tenniskampioenskappe wat reeds vanaf die einde van verlede kwartaal aan die gang is, het tans in die kwarteindrondes 'n baie interessante stadium bereik.**

Die P.U.-tennis is vanaf verlede jaar tot steeds groter hoogtes gevoer wat miskien grotendeels te danke is aan die ywer en opoffering van die kaptein, Dawie Smith.

Voorwaar 'n pluimpie vir die P.U. is dat die organiseerders van die die Wes-Transvaalse kampioenskappe net vir sekere P.U.-uitslae gewag het, voor hul hul gereelde Wes-Transvaal spelers nl. Dawie Smith, Nico Botha ('n nuweling), Pieter van der Walt en Christo van der Walt en onder die dames Althea van Loggerenberg gekies het. Vandaar die P.U.-belangrikheid in die Wes-Transvaal kragmeting.

Louis Stander het vir die grootste verrassing in die kampioenskappe tot dusver gesorg toe hy vir Bob Wenteler, 'n gegradeerde speler, geklop het.

**Die mans enkelspeltitel is nog nie beslis nie, maar sal na verwagting nog puik tennis oplewer. Piet Mitchell, wat die titel verdedig, en Dawie Smith wat die jaar vantevore die lof ingeoes het, behoort in die finaal teenoor mekaar te staan te kom. Ook moet 'n mens nie spelers soos Christo van der Walt en selfs Johan Badenhorst uit die oog verloor nie.**

In die dames enkelspelnommer is daar twee nuwelinge wat gegradeer is, nl. Sanet Lombard en Alida Reynecke. Daar word egter verwag dat Althea van Loggerenberg, soos verlede jaar, met gemak bo sal uitkom.

**NUWE KOMBINASIES**

Die gemengde dubbelspel het vanjaar talle nuwe kombinasies opgelewer en beloof om ook van die aanskoulikste en spannendste wedstryde te wees. Die gradering is soos volg: Dawie Smith en Susan Aucamp, Piet Mitchell en Ria Smit, Bob Wenteler en Alida Reynecke.

Piet Mitchell en Christo van der Walt lyk op die oog af na die gevaarlikste kombinasie in die mans dubbels, hoewel Dawie Smith en Nico Botha seker nie maklik die stryd gewonne sal gee nie.

Die dames dubbels behoort nie veel probleme op te lewer nie aangesien Susan Aucamp en Stella Venter weer die stryd saam aanknoop. Hulle sal egter nie vir Ria Smit en Alida Reynecke en vir Althea van Loggerenberg en Sanet Lombard sonder handskoene kan aandruf nie.

## Intervarsity

'n Saamtrek van oud-Pukke wat gedurende die tydperk 1955 1960 aan die P.U. afgestudeer het word gereël vir die naweek van 18 en 19 Augustus.

Die oudstudente word die Vrydagaand op 'n dinee onthaal deur die universiteit. Saterdagoggend word hulle op 'n besigtigingstoer deur die universiteit geneem en die middag woon hulle die Intervarsity op Olënpark by.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria